

10 Maart 2019

# PRAKTIESE WYSHEID

VIR KLEINGROEPE



## Lukas 4: 1-13

### ons storie ysbreker

Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar? Wat was vir jou moeilik?

Dink terug aan jou kinderdae – waaroor het jy die meeste in die moeilikheid gekom?

Wat is die rol van die Heilige Gees in hierdie gebeure?

In die gedeelte sien ons iets van Jesus se menslikheid. Hoe help dit jou?

Elke groeplid kies een van die volgende vrae om oor te gesels. Hoe beleef jy versoekings in jou lewe? Is daar versoekings waarmee jy sukkel en hoe kan die groep jou daarmee help? Wanneer is jy die meeste vatbaar vir versoekings? Ons almal beleef versoekings, hoekom praat ons dan so moeilik daaroor? Wat is die beste manier om versoekings te weerstaan?

### word stil

Lees **Psalm 91: 1-2, 9-16** as 'n gebed.

Dink na oor hoe die Here al vir jou 'n toevlug en veilige vesting was.

### ons nuwe storie

**Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons. Verder en Voor:**

Wat is die gevolge van versoekings? Wat is die effek daarvan op myself en my verhoudings met ander?

### GOD se storie wat sê die Bybel

Lees saam  
**Lukas 4: 1-13**

As daar tyd is, kan elkeen dit daarna weer op sy/haar eie tyd lees.

### na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

■ Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

■ Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

### GOD se storie gesels hieroor na

### bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid? Dit sal goed wees as julle 'n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het. Hoe en waar het jy die afgelope week vir God beleef?

**Dank God daarvoor.**



■ Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.

■ Voor die gebeure in die woestyn is Jesus gedoop en daarna het sy bediening in Galilea begin. Hoekom is dit betekenisvol?

■ Gesels oor die taktiek van die duivel. Waarop sinspeel die drie versoekings? Wat is die implikasies van elkeen?

Gesels oor Jesus se antwoorde. Wat leer ons daaruit?